**Tema: Die mense verander, maar Jesus nooit**

Ek hoor deesdae al hoe meer hoe mense vir my sal sê dat dinge is nie meer soos wat dit was nie.

Eerstens glo ons baie keer of hoop ons dat dinge in 'n oomblik verander…

En dan gebeur verandering voor ons oë oomblik vir oomblik…

Dinge is nie meer soos wat die was nie…

Jy Ry deur die karoo en die paaie lyk anders as voorheen.

Jy Ry in Kaapweg af, en dit lyk anders.

Jy Ry verby die huis waarin jy grootgeword het en dit lyk anders.

Jy Ry verby jou ou skool en die kinders wat daar speel lyk anders.

Jy dink aan wat vir jou belangrik is en dit lyk ook nou anders.

Jy kom Maandag by die werk en jou kollega is anders.

En ek hoop so deur die verandering dat jy gegroei het.

Ek lees hierdie week die volgende gedagte van John C Maxwell:

- Change is inevitable. Growth is optional.

Veranderings is onafwendbaar… Maar groei is opsioneel

Ek dink verandering sonder groei is gevaarlik…

Ek hoop op ons reis verander nie net die omgewing nie, maar verander ons ook van binne af as mense. Verander ons self eerste.

Gebed: Here dankie dat ons prent van U in die lewe ook kan verander. Dankie dat ons ook kan groei in kennis oor U. Here help ons om oop en noukeurig te wag op U stem wat ons lei. Help ons om vas te hou aan die regte dinge terwyl die omgewing rondom ons verander. Help ons om goeie mense van die weg te wees…

Dat U my oral nuttig gebruik. En dit is baie keer die gevaar. Dat ons nie bewus is van hoe en waar God ons kan gebruik nie… Eric Butterworth het gesê ons gaan nie net deur die lewe nie… Maar groei deur die lewe…. We don't go through life- we grow through life.

En soos wat ek ouer word ontdek ek al hoe meer Jesus se liefde vir ons. Ontdek ek al hoe meer die hand wat my vashou deur goeie en slegte tye. Ontdek ek al hoe meer die liefde waarvoor ek nie kon vra nie- ek ontvang dit net…

Die Mense verander Maar JESUS NOOIT..

Ons is die mense wat beloftes breek- God nie…

Ons is die mense wat nou omgee, en later weer seermaak- God nie.

Ons is die mense wat vandag en more anders na mense kyk- God nie.

Here Open ons oë van geloof

Ons lees vanoggend vanuit 2 Korintiërs 3:12-4:2

Ons het Maandagaand tydens die week van Gebed geleentheid gesels oor die woord skep (Bara) in die Bybel. En dat ons die eerste sin in die Bybel kan vertaal met Toe God alreeds besig was om te skep. So God is eintlik in die veranderings besigheid. Hy skep goed, en dan herskep hy dit. Dan mors ons dit op, en dan sal die Here weer besig wees om te skep… Ek dink God se droom is dat mense, en gemeenskappe verander- maar dikwels besef ek, hou ons glad nie van verandering nie…

- Ons sit by dieselfde tafel by die restaurant en ons bestel dieselfde goed van die spyskaart af.
- Ons droom oor die wêreld/en kerk wat weer moet lyk soos voor Covid.
- Ouers wil hê hulle kinders moet net klein en oulik bly, hul moet asseblief nie oud raak en begin om self in die lewe foute maak nie.
- Ek weet vir sekere persoonlikhede is dit makliker as ander, maar meeste van ons vind verandering moeilik en uitdagend.

Ek het verlede jaar by meer as 1 geleentheid na Dr Gustav Gous geluister waar hy bietjie oor verandering gesels. Hy sê ons persepsie van verandering is heeltemal verkeerd. Verandering is nie deel van die lewe nie, verandering is die lewe. Die lewe (elke dag) bestaan uit verandering…

En hy verduidelik dan verder dat daar 2 persepsies is tot verandering:

Persepsie 1 is die: Reglynige benadering van verandering:

Iets moet eindig. Dan begin iets nuuts. Verandering is nie omdat iets nuuts begin nie, maar iets wat moet eindig… Iets wat moet sterf sodat iets nuuts gebore kan word. Verandering begin by iets wat moet sterf. Iets wat gelos moet word. Dit begin by ‘n omdraaipunt waar jy sê van hier af gaan ek nie verder nie. Hierdie mens wil ek nie meer wees nie.

Persepsie 2 is die Sirkel vorminge benadering van Verandering:

Verandering bestaan uit 6 stappe

1. Verlies (jy verloor iets)
2. Twyfel (Jy wonder)
3. Ongemak (Jy ervaar dinge op ‘n vreemde manier)
4. Ontdekking (Jy begin n nuwe patroon)
5. Verstaan (Dinge begin vir jou sin maak)
6. Integrasie (Dinge begin vir jou in plek val)

Die probleem met verandering is dat baie dan by stap 3 stil gaan staan en nie verder kan beweeg na ontdekking nie. Maar iets gebeur in my en met my wanneer ek begin ontdek- verstaan en integreer. Dit is nie net ek wat verander nie—maar ook die mense rondom my…

Maar vriende ek moet vanoggend getuig dat ek geweldig sukkel hiermee. Want dit is asof dit nie natuurlik kom nie… Gustav Gous verduidelik dan verder 3 effekte/ reaksie wat ons kan hê teenoor verandering. Luister gerus of dit vir jul bekend klink.

Ek deel graag die 3 met julle:

Eerste:

- Klipkoppe:

Ek luister dikwels na hoe mense sukkel met verandering. Hul gebruik frases soos: Ek is mos nou maar so gemaak en so gelaat staan. ‘n Luiperd kan nie sy vlekke verander nie. ’n Jakkals verander

van hare maar nie van snare. Ek was nog altyd so gewees. Jy kan nie vir ‘n ou hond nuwe tricks leer nie.

Ek wil niks verander nie.. EK is so gemaak en so laat staan.. Ek wil al die vreemde invloede van buite af uithou… Maar dan hou hul ook die goeie goed uit. En Geen groei vind plaas nie..

Tweede:

- Kop verloor/ Loskop:

Alles moet nou uit…. Goeie ook. Alle nuwe idees word opgeneem… Onbeheerbare groei. Iemand wat verander het en gevolglik word al hulle ou vriende, hulle familie en ou gebruike by die agterdeur uitgegooi. Hul trek ander klere aan- mag nie meer sekere byeenkomste bywoon nie en kom vreeslik bedreigend voor teenoor almal wat nie soos hulle dink nie.

Maar dan is daar die derde benadering:

- Oop koppe:

Die man wat weet wat om te hou, en wat om te los… Oop is vir verandering…Die derde groep is die wat mooi luister. Die groep wat mooi dink aan wie hul was en waarheen hul op pad is. Die groep wat hulself omring met ‘n gesonde ondersteunende omgewing. Die derde groep “die oop koppe” weet dat met verandering is daar ‘n stuk genadiglike misteurie “onverklaarbaarheid’ ten sprake. Iets wat ons nie mooi kan verduidelik of snap nie- maar iets wat ons weet waar is.

Ons lees in die teks 2 Kor 3:18

*Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.*

Die verandering kom nie vanuit onsself nie. Daarom lees ons “ons word al meer” Dit kom vanaf iets/iemand groter as ons

In Grieks is die woord vir Verander – *metamorphomai* – die werkwoordvorm dui op ’n proses wat nou dadelik begin, maar wat nog in die toekoms aangaan. Jy word nie eensklaps verander nie, maar jy word algaande al meer verander

En Jesus nooi ons om oop kop hieroor te wees. Want dit mag dalk net die nuwe wêreld vir ons oopsluit..

Vriende Ek sukkel hiermee. Ek sukkel met verandering.

My sekuriteit lê daarin dat ek alles dieselfde wil hou…

Kan God my maar nie net los soos wat ek nou is nie? Ek is tevrede.

Terwyl my sekuriteit eintlik moet lê in hoe ek verandering hanteer.

Ek sukkel hiermee want:

Verandering i.t.v. watergebruik en misbruik van die skepping.

Verandering i.t.v. hoe ons dink oor oorlog. Dat dit help om iemand te slaan en deur geweld “boelie taktiek:” iets reg te kry.

As ek op die N2 ry en kyk rondom my. Dan is dit nie vir my baie moeilik en soms onmoontlik om te sê die inwoners wat hier bly kan verander. Iets kan in hul lewe gebeur..

Wanneer ek aan ‘n verkiesing deelneem om my kruisie te trek vir myself te sê hierdie land met al sy pragtige mense in dit kan verander.

Sommige oggend is dit moeilik om in die spieël te kyk en te sê ek kan ook verander. Want ek is bang oor wat dit in my en aan my kan doen…

Ek wonder sommer net… As ons nie glo dat iemand kan bekeer- kan verander nie- wat sê dit van die opstanding? Is die opstanding nie juis die getuienis dat die onmoontlike in mense se lewe moontlik kan word nie? Om die opstanding te vertrou is om te vertrou mense kan verander… Om te vertrou dat mense om kan draai. Kan bekeer. Van rigting kan verander. Om te vertrou dat mense iets op ‘n nuwe manier kan begin doen.

Om die opstanding te vertrou- om die Bybel te lees- om God in my lewe in te nooi is om elke dag te vra: Hoe of waar kan ek verander. Hoe kan ek bietjie my eie bril/lens skoonmaak. Hoe kan ek mooier/anders na myself kyk. Hoe kan ek mooier- beter na die ander mense rondom my kyk. Hoe kan ek deur my omgee/ liefde/ mense aanmoedig tot gesonde verandering in hul lewe.

Rob Bell skryf:

*Times change. God doesn't, but times do. We learn and grow, and the world around us shifts, and the Christian faith is alive only when it is listening, morphing, innovating, letting go of whatever has gotten in the way of Jesus and embracing whatever will help us be more and more the people God wants us to be.*

*Die mense verander (Verander ons regtig?) maar Jesus NOOIT...*

Onthou net die gedagte van vanoggend:

Change is inevitable- growth is optional..

- Seëngebed:

**Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.**

**Die Here is langs jou**
**om jou in Sy arms toe te vou.**
**Die Here is agter jou**
**om die aanvalle van die Bose af te slaan.**
**Die Here is onder jou om jou te dra as jy sou val.**
**Die Here is rondom jou om jou te beskerm.**
**Die Here is bokant jou om jou te seën.**
**Die Here is in jou om jou te lei met sy**
**Heilige Gees.**
**Die drie-enige God is by jou , van nou af**
**tot in ewigheid.**
**Amen.**